# LAERSKOOL MIKRO

*... waar kind nog kind kan wees ...*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


22/2022

21 Junie 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Ek is baie geïnteresseerd daarin en word gefassineer deur mense wat die hoogste bergpiek in die wêreld nl. Berg Everest, uitklim. Dit verstom my dat 'n individu amper R500 000 bestee en hul eie lewe en/of gesondheid op die spel plaas om dit reg te kry. So het 'n Suid-Afrikaner, Saray Khumalo, die eerste swart vrou uit Afrika geword wat dit kon regkry. Wat nog meer verstommend is, is dat sy dit eers met haar vierde probeerslag reggekry het. Hoekom het sy nie maar opgehou na die eerste of tweede keer wat sy gefaal het nie? Sy moes tog seker besef het dat dit dalk nie vir haar bedoel is om dit reg te kry nie. Nee, sy het aanhou probeer totdat sy dit met die vierde probeerslag in Mei 2019 reggekry het. Sy het ook 'n boek daaroor geskryf met die titel “My Journey to the Top of the World”.

Ek wonder dikwels hoe leer ons vir kinders om verantwoordelikheid te neem vir hul dade. Moet hulle eers 'n klomp foute maak, dalk emosioneel of fisies seerkry in die proses of moet ons as ouers en ander volwassenes in hul lewe, van 'n jong ouderdom af, hul "battles" vir hulle "fight”? Saray Khumalo kon met drie probeerslae nie die kruin van Everest bereik nie. Ek is seker dat sy besef het dat sy met elke mislukte probeerslag niemand anders daarvoor kon blameer nie. Daar was verskillende redes waarom sy dit nie kon regkry nie, maar sy het verantwoordelikheid geneem vir haar mislukkings en het 'n besluit geneem om aan te hou totdat sy dit regkry. Sy het nie ander mense beskuldig of haarself jammer gekry deur 'n "victim mentality" aan te neem nie.

Om vir 'n kind te leer om verantwoordelikheid te neem vir sy/haar dade (reeds op laerskool), is 'n belangrike manier om te verseker dat die kind ontwikkel tot 'n individu wat sterk, onafhanklik, emosioneel intelligent en 'n volwassene met deursettingsvermoë is. Ek hoop Laerskool Mikro kon in die tweede kwartaal van 2022 daarin slaag om aan ons kinders se sin vir verantwoordelikheid te help bou. Indien wel, het ons baie reggekry. Dit is egter die ouerhuis en die skool wat hande moet vat om hiermee te help.

Ons wens vir almal 'n geseënde en veilige wintervakansie toe.

## 2. ELTO LOJALITEITSKAARTE

Elto Towers is `n groot borg vir Mikro en daarom is dit vir ons belangrik om hande te vat en tot voordeel van die ouers, sowel as die skool, die spesiale aanbiedinge te ondersteun. Indien jy `n Elto Lojaliteitskaart besit, kry jy tot 5% kontant terug (“cashback”) op sekere aankope. Spesiale aanbiedinge is vir almal, maar slegs kaarthouers sal voordeel trek t.o.v. die “cashback”. Met die lojaliteitskaart gee Elto vir die die skool presies dieselfde punte in kontant terug as wat ouers met hul lojaliteitskaarte kry. Dit werk amper soos `n MySchool kaart, behalwe dat beide partye, die skool en individu, voordeel trek uit die gebruik van die kaart. Indien ouers meer aankope by Elto Towers doen, kan dit `n ekstra fondsinsameling vervang! **Elto Towers is beslis `n eenstop diens!!!**

Mikro-ouers word dus aangemoedig om hul Elto Lojaliteitskaarte by Elto Towers of by die skool te kry.




**SPESIALE AANBIEDINGE: ELTO TOWERS**
LET WEL: Spesiale aanbiedinge word eers Donderdae geloods en daarom kan dit slegs op whatsapp-groepe uitgestuur word. **Stel u foon so dat u 'n keuse het om aanbiedinge te besigtig of nie.** Baie dankie vir u begrip.




**ELTO-AANLYN-AFLEWERINGS**
Aanlynaankope en aflewerings geskied daagliks vanaf 08:00 tot 22:00. Aankope kan by Kroonplaas, Patriot, OK Foods en OK Liquor gedoen word. Maak beslis gebruik van hierdie ongelooflike diens!!!

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET
VUMA

3. **<u>LOOTJIES</u>:** **VERKOOP JOU MAURITIUS-BOEKIE EN SIEN UIT NA VELE VERRASSINGS!!!**




- **Klasse wat die meeste boekies verkoop, gaan maandeliks (31 Mei en 21 Junie) beloon word met `n spesiale Civviedag! Die klas kies self die dag!!**
- Klas wat teen 29 Julie 2022 die meeste kaartjies verkoop het, gaan op `n daguitstappie (VERRASSING) saam met hul opvoeder en mnr. Mouton.
- Vir die kind wat die meeste kaartjies verkoop, wag daar `n opwindende verrassing!!!

Voorspoed vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**



# Projek HANNAH

Ons loods graag ons nuwe koskasprojek – PROJEK HANNAH. Vir al die guns en genade wat ons elke dag ontvang, wil ons ook graag iets teruggee of die 'een wees wat gee'.

Projek Hannah wil graag in die winter 'n kospakkie aan ons minderbevoorregte maats se gesinne gee. Deur net 1 item per maand uit u koskas te skenk, kan ons 'n groot verskil in ons eie mense se lewens maak.

Projek Hannah gaan 'n deurlopende projek wees waarby ons almal, onderwysers, leerders en ouers, betrokke kan wees.

Kom ons vat hande en leef die OMGEE-waarde van Laerskool Mikro prakties uit deur betrokke te raak by PROJEK HANNAH.

HANNAH
Een wat gee

# CIVVIEDAG

## 22 JUNIE 2022

By Mikro gee ons om.

Bring enige nie-bederfbare kos en jy kan gewone klere dra!!

MAAR...

Jy moet iets **rooi** dra.

TEN BATE VAN PROJEK HANNAH.

Mededeelsaamheid Integriteit Kreatiwiteit Respek Omgee